

## 10 Junie 2 Konings 6:8-18

(Teks: 2 Konings 6: 17)

### ***Kykers en sieners***

*2 Konings 6:17 "...en hy het gesien..."*

Daar is mense wat kyk en tog nie sien nie. Dit gebeur met die dienaar van die profeet Elisa.

Toe hy een môre opstaan sien hy 'n groot leërmag wat hom en Elisa wou vang. Hy kyk by sy kamervenster uit en sien die gevaar. Hy kyk en sien sy benarde omstandighede. In vrees roep hy: Hoe sal ons maak? Die toekoms lyk onmoontlik. Hy is die verwarde kyker.

Op die gebed van Elisa open die Here sy oë en sien hy die leërskaare van God. Duisende engele rondom hom en Elisa. Nou word hy ook 'n siener. Vreesloos kan hy die toekoms ingaan.

Christen, sien jy die beskerming van God rondom jou? Indien wel, dank die Here daarvoor. Indien nie, neem die Woord van die Here voor oë. Bid dat die Heilige Gees jou oë sal open. Kyk dan deur die hemelvensters na God se leërskaare. Hou aan met kyk totdat jy in die oggendlik die verskyning van Christus sien wat sê: Ek is met jou.

Sing Psalm 91:6

Ds. J.C. van der Walt (Delmas)